SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA NUUS VIR SONDAG 14 OKTOBER 2018

Goeiemôre en welkom by die weeklikse nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, gelees deur _____ (jou naam, roepsein en QTH)

Die Suid-Afrikaanse Radioliga saai elke Sondag nuus bulletins in Afrikaans sowel as Engels om 08:15 en 08:30 plaaslike tyd onderskeidelik uit op HF sowel as op verskeie BHF- en UHF-herhalers. Hierdie uitsendings word ook via Echolink herlei deur ZS6JPL. 'n Potgooi is ook beskikbaar op die Liga se web tuiste. 'n Oudio opname sowel as 'n teks weergawe kan van die Liga se webblad, www.sarl.org.za, afgelaai word, en jy kan ook daar inteken om nuwe bulletins per e-pos te ontvang.

Ons begin vanoggend se bulletin met nuus van vier stil sleutels.

Dit is met groot leedwese dat ons moet aankondig dat die sleutels van Richard McNally Snr, ZS6BWS, Glen Duffy, ZS5GD,Basil Mac Dougall, ZS6BDS en Mark Wilson, ZS4D, die afgelope week stil geword het.

Richard, ZS6BWS, leier van vier generasies radio amateurs in die gesin, is die naweek oorlede.

Glen, ZS5GD, HARC komiteelid en tesourier van SARL Hamnet KZN, is Dinsdag 9 Oktober na 'n lang en dapper stryd met die Groot K oorlede. Sy dogter en kleindogter was by sy bed en sy heengaan was vreedsaam.

Basil, ZS6BDS is op Dinsdag 9 Oktober oorlede.

Mark, ZS4D is Vrydag 12 Oktober oorlede na stryd met kanker.

Ons betuig ons innige meegevoel aan die familie en vriende van hierdie vier radio amateurs.

POUSE

In die nuus vandag:

LAASTE KANS OM VIR DIE BHF WERKSWINKEL TE BESPREEK

JOTA/JOTI EN CQ HOU KOERS volgende NAWEEK

en

GROOT TROPO OPENING LANGS DIE WESKUS VERLEDE MAANDAG

Bly ingeskakel vir meer inligting oor hierdie en ander interessante nuusitems.

LAASTE KANS OM VIR DIE BHF WERKSWINKEL TE BESPREEK

Die sluitingsdatum vir bespreking vir die BHF werkswinkel is môre, Maandag 15 Oktober. Die werkswinkel wat op Saterdag 20 Oktober by die NARS gehou sal word, sluit onderwerpe soos baken koördinasie in, die bou van 'n eenvoudige 3 cm-sender, vliegtuig verspreiding op 23 cm, lineêre versterkers vir BHF en UHF en die RSGB Video op meteoor en tropo-verspreiding. Die program en

besprekingsvorm is nou beskikbaar vir aflaai. Volg die skakel vanaf die SARL-tuisblad of besoek www.amsatsa.org.za

JOTA/JOTI 2018

JOTA/JOTI 2018 is aan die gang van Vrydag 19 tot Sondag 21 Oktober 2018. Dit is die 61ste jaar wat hierdie geleentheid aan die gang is en is die grootste Padvinder-geleentheid op die kalender met ongeveer 1,5 miljoen Welpies, Padvinders en Meisie Gidse wat deelneem.

Die Sandringham Padvindergroep (ZS6SSG) sal een van die 24 stasies wat geregistreer is en vanaf Suid-Afrika deelneem aan hierdie geleentheid. Ons sal op 40 en 80 m aktief wees en sal 'n bykomende 2 m-stasie vir die jongmense bestuur. Daar sal ook SSTV-uitsendings dwarsdeur die naweek gemaak word om Welpies en Padvinders in staat te stel om kentekens en foto's van die geleentheid met ander stasies te ruil. Dit sal 'n groot trekpleister vir die jeug wees.

Wees op die uitkyk vir die vele JOTA-stasies wat oor die naweek op die lug is en maak kontak met die baie gretige jongmense en die gretige amateurs wat die stasies beman. Kom ons wys die jeug waaroor amateur radio alles gaan! Vir meer inligting, kontak Richard, ZS6RKE by Richard.hooper@scouts.org.za of richard@zs6ssg.co.za.

CQ HOU KOERS

CQ Hou Koers is Die Voortrekkers se nasionale amateurradiodag en vind plaas op Saterdag 20 Oktober met die meeste stasies aktief vanaf 08:00 tot 12:00 op 40 en 20 m en plaaslike herhalers. Benut gerus ook Echolink. Dit oorvleuel met JOTA, daarom kan interessante gesprekke tussen jong Voortrekkers en Padvinders plaasvind. Doen gerus moeite om met die oulike kinders te gesels en hulle bloot te stel aan amateurradio. Ons hoop om baie radio-amateurs en jongmense op die lug te hoor. Navrae aan Andries, ZS6VL by orionvoortrekkers@gmail.com

SPESIALE ROEPSEIN OM DIE EINDE VAN DIE EERSTE WÊRELDOORLOG TE HERDENK

Omstreeks 05:00 op Maandag 11 November 1918 is die wapenstilstand onderteken in 'n spoorwegwa van Marshall Foch se spesiale trein, geleë in die bos by Rethondes in Frankryk aan die westelike front. Om 11:00 op hierdie Maandag, 11 November 1918, het die gebrul van wapens opgehou, vrede en stilte het uiteindelik op die westelike front neer gedaal en die Eerste Wêreldoorlog het geëindig. Daar word beraam dat naby aan 9,5 miljoen soldate, matrose en vlieëniers van alle kante in die Groot Oorlog gesterf het.

Die spesiale roepsein ZS100WWI sal van 1 tot 30 November 2018 aktief wees ter herinnering aan die Suid-Afrikaners wat betrokke was by die 'Oorlog om alle oorloë te beëindig' - ons dink aan die sink van die SS Mendi, die stryd vir Delville-bos en die Slag van Square Hill.

Jy luister aan nuus uitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga

GROOT TROPO OPENING LANGS DIE WESKUS VERLEDE MAANDAG

Op Maandag 8 Oktober het radio-amateurs aan die Weskus van Suid-Afrika voordeel getrek uit tropo-voortplantings toestande en het langafstand kontakte op 145 500 MHz gemaak. Om 06:00 het Charles, ZS1CF, in Langebaan vir Pieter, ZS3PV/mobiel gehoor terwyl hy van Kleinzee na Koingnaas gery het vir werk. Later het Andre, V51B, van Oranjemund ook geroep en hulle het 'n 3-rigting gesprek gehad. André is oor 'n afstand van 526 km in Langebaan met 'n S7-sein ontvang. Maar die beste was nog om te kom, die Weskusradio-groep ontmoet elke Maandag aand om 19:30 op 145.500 MHZ en 12 radio amateurs het op die net ingeskakel.

Troposferiese voortplanting vind plaas in die laagste laag van die Aarde se atmosfeer - die troposfeer. Dit is 100% weer verwant. 'n Tropo DX-modus is enige abnormale toestand wat BHF-, UHF- en/of mikrogolf seine in die troposfeer versprei, reflekteer of refrakteer, wat die normale dekking verander. As ons kyk na verlede Maandag se Troposferiese voortplanting voorspelling deur William R. Hepburn, het dit het goeie toestande vir die Weskus getoon. Vir meer inligting oor hierdie tropo-gebeurtenis luister na "Focus on VHF and above" op Amateur Radio Today later vanoggend of laai die insetsel af van die skakel op die SARL-tuisblad.

AKTIWITEIT OP DIE HIGHVELD ARK HERHALER

Johan Coetzee, ZR6JC, berig dat die afgelope maand of twee daar baie aktiwiteit op die 145,7875 ZS6HVB-herhaler was wat begin het met Kobus Boshoff, ZS6BOS, Robbain Polly, ZS6RAT en Johan, ZR6JC. Hulle noem dit 'die vroeër aand reis' en moedig radio amateurs aan om vir 'n gesprek aan te sluit of net hul roepseine te gee. Deur hul pogings het hulle nuwe operateurs gelok en opgewondenheid op die radio geskep om amateur radio te ondersteun.

Op Vrydag 12 Oktober 2018 is 'n trekking by die huis van Berridge Emmett ZS6BFL gehou en 'n roepsein is getrek uit die 20 roepsein wat gereeld in rapporteer en gesels. By die trekking was Berridge, ZS6BFL, Kobus, ZS6BOS en Robbain, ZS6RAT. Die gelukkige wenner van 'n Icom-kommersiële radio vir 2 meter (geskenk deur Johan, ZR6JC) is Sakkie Coetzee ZS6BPA

Die vroeër aand reis span wil poog om radio amateurs in die suide van Johannesburg aan te moedig om weer aktief te word en om mense bewus te maak van die wonderlike stokperdjie wat ons het.

Ander klubs word uitgedaag om die aktiwiteitsvlakke op hul herhalers te verhoog.

STEURINGS OP 40 METERS

Die Internasionaal Amateurradio-unie Moniteringsdiens (IARUMS) rapporteer steurings op 40 meter van verskeie Russiese bronne. Die Russiese kus oor-die-horison (OTH) radar "Sonneblom" was baie aktief op 40 meter met die uitsending van FM puls en hoorbaar in die aand in Europa. Die ligging word geglo

is noordoos van Vladivostok. IARUMS Streek 1 Koördineerder Wolf Hadel, DK2OM, het gesê dit is in September gemonitor. Daarbenewens is 'n Russiese skip waargeneem op 7 110 kHz op F1B met 50 baud en 200 Hz verskuiwing. Die skip is vermoedelik in die omgewing van Ciprus en in September op die lug. Nog 'n Russiese skip is op 8 September gehoor wat AT3004D met 12 × 120 baud PSK2A op 7 179 kHz gestuur het met 'n bandbreedte van 2,6 kHz in die omgewing van Kreta. En 'n Russiese militêre stelsel, wat vermoedelik naby Moskou is, is gehoor op 7 198 kHz in die AT3004D toets modus. Elders is vis skepe gereeld op 3 500, 3 535, 3 540, 3 560, 3 585, 3 590, 7 000 kHz en 14 320 HSB gemonitor.

HF VOORTPLANTINGSVOORSPELLING

Hannes Coetzee, ZS6BZP, berig dat die verwagte sonaktiwiteitsvlak laag gaan bly. Tans is daar slegs 'n enkele, klein sonvlekkie sigbaar met geen gevaar van sonfakkels nie. Diegene wat hulle eie frekwensievoorspellings wil doen, kan 'n verwagte effektiewe sonvlektelling van een vir die week gebruik. Met die dag-en-nag ewening hier kan amateurs veral met sonsopkoms en sonsondergang moontlike goeie openinge op die 10 tot 30 m bande verwag. Besoek gerus die webtuiste spaceweather.sansa.org.za vir meer inligting.

Nou die Dagboek van Gebeure vir die volgende paar weke:

19 tot 21 Oktober - Jamboree op die Lug. 20 Oktober die BHF Werkswinkel, CQ Hou Koers en die sluitingsdatum vir QRP logstate. 22 Oktober - die sluitingsdatum vir AWA Buis QSO Party logstate. 24 Oktober - die sluitingsdatum vir jou artikel vir die November Radio ZS. 27 en 28 Oktober - die CQ WW DX ESB-kompetisie. 27 Oktober - die Pretoria ARK Snuffel Mark. 28 Oktober - die PEARS HF kompetisie. 31 Oktober - jou insette vir die 2019 SARL Blouboek aan contest@sarl.org.za. 03 November - die RaDAR-uitdaging. 10 en 11 November - die SARL BHF/UHF Analoog kompetisie.

Om die bulletin mee af te sluit, 'n opsomming van ons hoof berig:

Die sluitingsdatum vir bespreking vir die BHF werkswinkel is môre, Maandag 15 Oktober. Die werkswinkel wat op Saterdag 20 Oktober by die NARS gehou sal word, sluit onderwerpe soos baken koördinasie in, die bou van 'n eenvoudige 3 cm-sender, vliegtuig verspreiding op 23 cm, lineêre versterkers vir BHF en UHF en die RSGB Video op meteoor en tropo-verspreiding. Die program en besprekingsvorm is nou beskikbaar vir aflaai. Volg die skakel vanaf die SARL-tuisblad of besoek www.amsatsa.org.za

Dit bring ons aan die einde van hierdie bulletin.

Die Suid-Afrikaanse Radioliga se nuusdiens nooi klubs en individue uit om nuus brokkies van belang vir radio amateurs en kortgolf luisteraars in te dien. Plaas nuus berigte indien moontlik, in beide Engels en Afrikaans op die Suid-Afrikaanse Radioliga webtuiste onder die 'news inbox' skakel nie later as die Donderdag wat die bulletin datum voorafgaan nie.

Luister elke Sondagoggend om 10:00 plaaslike tyd na “Amateur Radio Today”. Daar is herleiding op 7 082 kHz laer syband, 7 205 en 17 660 kHz AM en verskeie herleidings op BHF en UHF frekwensies regoor Suid-Afrika. ’n Potgooi deur Dick, ZS6RO, is ook beskikbaar. ’n Heruitsending vind op Maandae om 18:30 plaaslike tyd op 3 230 kHz plaas.

Ons ontvang graag jou seinrapporte, kommentaar en voorstelle, stuur ’n e-pos aan artoday@sarl.org.za. Sentech borg die uitsendings op die nie-amateur frekwensies.

Jy het geluister na ’n nuusuitsending van die Suid-Afrikaanse Radioliga, saamgestel deur Andy Cairns, ZS6ADY, geredigeer deur Vivian Dold, ZS6VD, en gelees deur ……..

Die Afrikaanse Nuusspan groet nou en wens jou ‘n mooi week toe. Totsiens.

/EX